

28 Mei 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 16

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Ons Advokaat

**Ons lewe word meer as ooit deur onsekerheid gekenmerk. In die wêreld, in Suid-Afrika, in die alledaagse gang van sake, gebeur so baie wat die lewe vir ons onseker maak. So onseker dat baie mense vandag nie net 'n dokter, 'n apteker en 'n haarkapper het nie, maar ook 'n regsverteenvoorder.**

Met die verhoor van Oscar Pistorius het ons seker besef hoe belangrik dit is om in 'n regsding 'n goeie regsverteenvoorder, 'n advokaat, 'n Gerrie Nel of 'n Barry Roux, te hê. Ons lees egter in Johannes 14: 16 en 1 Johannes 2: 2 dat ons as gelowiges 'n advokaat het, die beste Advokaat.

In Johannes 14: 1 lees ons dat die apostels ontsteld was, hulle was bekommerd. Vir die laaste aantal jare het hulle die voorreg gehad om saam met Jesus op die aarde te lewe. Hulle het sy liefde, teenwoordigheid, wysheid en mag elke dag ervaar. Hulle het as gevolg daarvan as't ware hemel op aarde gehad. En nou hoor hulle Hy gaan weg. Hulle gaan alleen agterbly in 'n vyandige wêreld waar hulle waarskynlik vyand nommer een van die Joodse Skrifgeleerdes en die Romeinse owerheid gaan word, 'n onderdrukte minderheid wat ook nie weet waar hul brood vir môre en oormôre vandaan gaan kom nie. Hulle voel soos weeskinders sonder versorging, hoop of toekoms.

Dan praat Jesus met hulle. *Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie. Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur.* Hiermee sê Jesus eintlik vir hulle: Hierdie Voorspraak, Advokaat, Trooster, Helper, Bemiddelaar, die Heilige Gees, my Gees, sal altyd by julle wees. Nou is Ek hier op die aarde, in die vlees by julle. In die toekoms gaan Ek vir altyd steeds hier by julle wees in die Gees, maar ook aan die regterhand van my Vader, in die hemel. Ek gaan in die hemel en op die aarde as Voorspraak, Advokaat ter wille van julle wees.

Die Jesus wat na sy hemelvaart by die apostels was en steeds by ons is, is dieselfde Jesus wat saam met die mens op die aarde feesmaaltye maar ook donker dieptes beleef het. Hy is die Jesus wie se liefde so groot is dat Hy ter wille van sondaars soos ons gesterf het aan die kruis van Golgota. Hy is die Jesus wat so groot in mag is dat Hy ons grootste vyand, Satan en die dood, oorwin het. Hierdie Jesus se Gees is in ons en by ons, in lewe en in sterwe. Hy is by ons of ons oud of jonk, siek of gesond, ryk of arm is. Hy is by ons vir ewig. Met so 'n Jesus as jou Advokaat, jou Trooster, jou Helper, jou Bemiddelaar, kan jy getroos lewe en sterwe. Jy kan saam met die Psalmdigter uitroep: *Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.*

Hierdie Advokaat het die apostels en die eerste Christene se geloof in Jesus sterk gemaak. Hy het hulle gehelp om vreesloos te leef. Om in die drie-enige God te glo, Hom te dien en veral om van Jesus te getuig. Daartoe wil Hy elkeen van ons help.

O Gees van Vader en van Seun,  
ons voorspraak, leidsman, krag en steun,  
U, vul ons diepste hartsverlange,  
U kom ons in die waarheid lei,  
U leer ons bid, kom by ons bly –  
U loof ons met ons lofgesange!  
Wil steeds die goeie in ons werk,  
bewaar, vermeerder en versterk. (Gesang 431: 1)

Prof Bieks Beukes, Emeritus

\*\*\* Die Sinodale Kerkkantoor sal op Donderdag 29 Mei gesluit wees vir Hemelvaart.

## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) te plaas.

### Beroepe ontvang

- **Ds D (Denise) Schmidt** (NG) na Klerksdorp-Suid (deeltyds)
- **Prop A (Annézel) Otto** (beroepafwagting) na Sionspoort (deeltyds)



Prop Annézel Otto

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Ds Nardus Enslin van Gemeente Rustenburg-Kloof se skoonmoeder, **mev Bessie Lubbe**, is onlangs oorlede. Die gedenkdien vind plaas op Vrydag 30 Mei om 11:00 vanuit die Kapel by Herfsoord in Vanderbijlpark. Ds Enslin sal die diens lei. Ons innige simpatie gaan aan mev Yvette Enslin en hul familie.
- Ons het maar so pas verneem dat **mnr Jimmy Jooste**, die **vader van ds James Jooste** van Groeneweide, op 20 Maart na 'n kort siekbed oorlede is. Hy het 'n week voor sy afsterwe 86 jaar oud geword. Oom Jimmy het vir nagenoeg 60 jaar in die kerkrade gedien van onderskeidelik Edenvale, Kensington, Elsburg en Alberton-Wes. Hy was vir 'n aantal jare ook skriba van Alberton-Wes en het verskeie Algemene Kerkvergaderings bygewoon en 'n hele paar termyne in ringskommisies gedien. Ons innige simpatie gaan aan ds Jooste en hul familie.
- **Mev Zandra da Silva**, vroeër visetesourier van die NHSV en weduwee van prof Wally da Silva, se man, **Roelf Janse van Vuuren**, is oorlede na 'n lang siekbed. Die roudiens vind Saterdag 31 Mei om 11:00 in Gemeente Pretoria-Oos plaas. Ons innige simpatie gaan aan mev Da Silva en hul familie.
- **Prof Adriaan Neele** is op Sondag 18 Mei in Gemeente Bloemfontein as predikant ontvang en bevestig. Hy het Matteus 28: 16-20 gebruik en op treffende wyse die fokus laat val op roeping en troos. Groeteboodskappe is oorgedra deur oudl Anton Valks namens die Kommissie van die AKV, ds Willem Dykema as ringsvoorsitter, oudl Chris Smit (skriba) en oudl Alta Venter (aan mev Kornelia Neele). **Op die foto** is mev Kornelia Neele, prof Adriaan Neele en oudl Anton Valks.
- **Ds Nico Brayshaw** het op 13 April sy 50-jaar-ampsjubileum in Heilbron gevier. Op die foto is ds Brayshaw saam met die ander predikante wat die geleentheid bygewoon het. Agter van links na regs is di Errol Sheppard, Nico Brayshaw, Anton Swanepoel, dr Daan van Wyk (sr) en ds Hans van Vuuren (NG Kerk). Voor van links na regs is di Johan du Toit, Hennie Botha, dr Piet Boshoff en ds Peet Kruger. (Foto: André Pretorius Fotografie)
- Die staking by platinummyne in die **Rustenburg-omgewing** neem nou krisisafmetings aan, en benewens die myne word kontrakteurs, sakeondernemings, skole en kerke geraak. Die Hervormde Kerk wil graag na die gemeenskappe in nood uitreik, en versoek al die gemeentes van die Kerk om op **1 Junie 2014** tydens hul eredienste spesifiek vir hierdie saak **voorbidding** te doen. By **die massarediens** wat op dié dag in die Aula (by die Universiteit van Pretoria) plaasvind, sal daar **van 16:00 af** geleentheid wees om nie-bederfbare kos, toiletware, warm klere en komberse vir mense in nood af te gee. **Geldelike bydraes** kan gemaak word deur 'n inbetaling in die Kerk se Rampfonds (Raad van Finansies, ABSA



Prof en mev Neele en oudl Valks



Ds Brayshaw en kollegas



Bosmanstraat, tjekrekening 020 000 287, verwysing 16RAMP + donateur se naam) of deur 'n SMS met die woord **Rust** te stuur na 40156. Alle bydraes word verder deur die ADV bestuur.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor **Pinkstersondag (8 Junie)**: “Die Paaskring word afgesluit met die fees van dankbaarheid oor die uitstorting van die Heilige Gees. Op die vyftigste dag van die opstanding *staan* die gemeente in gebed vol selfvertroue voor God en die wêreld omdat die Gees van Waarheid ons daagliks wil oortuig van die teenwoordigheid van die Heer. Die Heilige Gees tree in as ons Trooster terwyl Jesus vir ons plek berei in sy Vader se woning. Die Gees wil ons ook oortuig van die waarheid van Christus se belofte dat Hy na ons sal terugkeer (kyk onder andere na Joh 14-16). Die aankoms van die Gees van die opgestane Heer kan simbolies verkondig word deur 'n bos rooi rose liturgies uit te stal en blaasinstrumente saam met die orrel in te span.”

- **47STE NASIONALE NHSV KONGRES**

Eendag lank lank gelede was daar:

- o Halwe blikke wit verf in jou garage...
- o Kwaste wat hard geword het...
- o Leë verfblikke...
- o 'n Vervalle stoel en kassie waarop verf gemors is...
- o 'n Enkele laai van 'n verlore bedkassie...

En toe kom daar 'n prins op 'n wit perd, en hy bring al die goed na Gemeente Wonderboom. Die koningin se hart het gejuig! As jy kan bydra tot die gejuig en gejubel van die kasteel se personeellede, kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883.


- Die redaksie van die **Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)** nooi ampsdraers en lidmate uit om artikels te lewer vir die volgende uitgawe. Die tema is *Ekklesiologie*, en spesifiek die problematiek rakende klein en kleiner wordende gemeentes. Die lengte van die artikels moet tussen vier en vyftien bladsye wees, en die **sperdatum is 30 Junie 2014**. Voornemende outeurs moet die redakteur, prof Natie van Wyk, so gou moontlik in kennis stel by [aim1@mweb.co.za](mailto:aim1@mweb.co.za).

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Vir ouer persone is die kwaliteit van klank in die kerkgebou baie belangrik. Goeie klank moet ook nie net op die voorste banke in die kerk gefokus wees nie. Indien lidmate dit so verkies, kan die voorste banke in die middel vir hardhorende bejaardes en ander persone met gestremdhede gereserveer word. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **Projek 21** nooi jou uit om jouself en jou omgewing tot 15 Junie **in turkoois te tooi** en so te wys jy gee om vir bejaardes. Reik uit na die bejaardes in jou omgewing; soms is dit bloot 'n drukkie en 'n halfuur se ononderbroke aandag wat die wêreld se verskil in 'n bejaarde se dag maak. Stuur gerus **spreekwoorde en gesegdes** wat handel oor bejaardes (met 'n verduideliking van die betekenis) in enige van ons landstale na [tooturkoois@gmail.com](mailto:tooturkoois@gmail.com). 'n Voorbeeld is *Met grysheid kom wysheid*. Vir meer inligting, kyk by [www.goturquoise.co.za](http://www.goturquoise.co.za).

- Die **Kerkbybel** is steeds by **SENTIK se Boekwinkel** beskikbaar teen **net R100 (posgeld uitgesluit)**. Kry die volledige 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel, die Liedboek in grootdruk, en die belydenisskrifte in een band. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 / faks 086 633 4054 / [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).

- **Gemeente Brackenhurst in Alberton**, bekend as die Seester-gemeente, benodig 'n permanente klawerbordspeler vanaf einde Mei. Rig navrae aan Mariska Cilliers by 082 929 8882.





- **Preekbeurt in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of [nhkdullstroom@gmail.com](mailto:nhkdullstroom@gmail.com).

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 1 Junie vanaf 18:00: Massabyeenkoms**  
Sing, loof en prys die Heer!  
Aula, UP  
Navrae aan dr Sanrie de Beer by 083 226 1866
- **Sondag 29 Junie om 10:00: Gemeente Weltevreden Emeritaataanvaarding van ds Elsie Pretorius**  
Dr Gerhard Lindeque sal akte van emeritaat oorhandig en 'n groeteboodschap namens die Kommissie van die AKV oordra

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 6 Junie, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 29 Mei: Ds P (Paula) Eksteen-Erasmus (Midrand)
  - Vrydag 30 Mei: Ds LA (Louis) Nel (emeritus)
  - Saterdag 31 Mei: Ds GJ (Gert) van Staden (ring van Bothaville)
  - Woensdag 4 Junie: Di TF (Thomas) Joubert (Swellendam) en CAA (Tiaan) Loedolff (Alberton)
  - Donderdag 5 Junie: Dr JGM (Hans) Dreyer (emeritus) en ds GF (Frikkie) van Wyk (Montana-Oos)
  - Vrydag 6 Junie: Prof APB (Andries) Breytenbach (emeritus), di PS (Petrus) Dreyer (Barberton) en HJ (Herman) Jansen van Rensburg (emeritus)

## 'n Gedig vir Hemelvaart

### Verheerliking

*En toe ons wakker word sien ons 'n man gemaak van son  
en twee wat skynend is by Hom: ou vaders van ons ras:  
ons drie het toe verstom gaan deurmekaar praat, iets  
van hutte bou – ag, enigiets om hierdie dag te onthou,  
ons drie bewus van ons vuil voor sy verblindende wit –  
Selfs Hý het Hom grys gehou met 'n wolk vermom  
en vir Moses en Elia koesterend gevou in Hom, en met 'n stem  
gespreek ín in ons bot begrip – en vir niemand  
het óns weer terug in die dorp kon sê dat ons vir een kort uur  
gesien het hoe hierdie Jesus lyk vir God...  
Nou loop hy weer argloos langs ons, bruin soos ons aarde bruin  
en skraal van ons karig eet en sweet ons sweet  
in die kleed wat Nikodemus hom gegee het, maar nou  
wanneer hy praat weet ons hoe sonder nate is sy woord  
en dat hy self 'n wit vuur naatloos een is met sy heelal.*

Sheila Cussons  
(Uit: *Die swart kombuis* 1978)

*(Lees in Lukas 9: 28-36, Matteus 17: 1-8 en Markus 9: 2-8 oor die verheerliking op die berg)*



## Bepaalde vergaderings

- o Maandag 2 Junie: Tugkomitee
- o Dinsdag 3 Junie: Tugkomitee
- o Donderdag 5 Junie: Kommissie van die AKV
- o Vrydag 6 Junie: Kommissie van die AKV  
Ledevergadering van die Kinderhuise

## Allegaatjie

Hier is 'n paragrafie uit 'n onderhoud wat ek in 2000 met TT Cloete gedoen het oor sy psalmondigting. Die artikel is opgeneem in *Ek kies steeds die kerk*, 'n keur uit die skryfsels uit my joernalistieke loopbaan wat einde Julie 2014 by Lux Verbi verskyn:

*Een oggend, vertel Cloete, sit hy met só 'n vloekpsalm en hy vorder nie. "Jy moet getrou bly aan wat hier staan en ek kom nie reg nie, en ek loop hier uit en gaan posbus toe en kry 'n aanslag van die inkomstebelasting waarin hulle sê hulle het my dokumente nagegaan van die afgelope vyf jaar en ek weet nie hoeveel duisende rande moet ek betaal nie... Ek het teruggekóm en toe die son sak, was daai vloekpsalm klaar. Tóé begryp ek jy kan heilig verontwaardig raak."*

(Neels Jackson op Facebook)

## Kursusse en toerusting

- **VTT in Junie 2014: Net op Dinsdag 10 Junie**  
Tema: *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*  
By Gemeente Pretoria-Oos, koste R200 per persoon  
Kontak mev Betsie Brits by [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za)  
/ faks 012 420 4303 / tel 012 420 5393  
Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito  
Rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA rekening nommer 020 149 752,  
kode 63 20 05, verwysing 2013K VTT gevolg deur naam van kursusganger  
(Predikante moet die dokument van dr Wim Dreyer – Saam in diens: 'n Handleiding vir gemeentes wat in die voetspore van Jesus wil volg – wat aan alle predikante gestuur is, vooraf bestudeer en saambring na die VTT. Die dokument kan aangevra word van mev Karen Breedt by [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za).)
- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening: 8-10 Augustus**  
Hartbeeshoek Natuurresewaat  
Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom  
Praktykgerigte bedieningsgesprekke oor:
  - o Krisis van tradisionele jeugbediening en kategese, maar opwindende geleenthede wat *gesinsgebaseerde geloofsvorming* bied.
  - o Opwinding en nuwe moontlikhede van *lewensfasebediening* in plaas van uitsluitlike fokus op wyksbediening.
  - o Die *bedieningsvennootskap* tussen gemeentes en gesinne.
  - o Verskillende modelle en metodes van *gesins- en jeugbediening*.Koste: R600 per persoon (2 nagte, 3 dae) chalet-akkommodasie en 5 etes ingesluit  
Kontak di Thinus van Staden (084 589 7035) of Marthinus van Staden (+267 7130 7197) vir besprekings en inligting
- **Predikantevergadering: Woensdag 10 September**  
Tema: *Kom ons vertel...*  
Sukkel jy om jou entoesiasme oor die evangelie met passie oor te dra?  
Hoor jou gemeente jou nie meer nie?  
Voel die Bybel soms te dun wanneer jy soek na 'n preek?  
Meer inligting sal mettertyd beskikbaar wees



## Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**  
Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)  
012 325 1857 x202 / [www.otmt.org](http://www.otmt.org)
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**  
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad  
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301  
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

## Konserte en feeste

- **Saterdag 7 Junie om 18:00: Gemeente Krugersdorp-Wes**  
Orreluitvoering deur Martin Mans  
Bekende orrelis uit Nederland  
Navrae aan Ebeth de Beer by 011 953 5213 / 076 147 9816

## Kampe en toere

- **Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**  
15 dae op die voetspore van die eerste Christene  
Toerleier: Ds Dries Beukes  
012 654 3198 / 083 447 7943  
Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)  
012 361 0579 / 082 560 4279 / [louise.geyser@absamail.co.za](mailto:louise.geyser@absamail.co.za)  
Gaan na [www.konteks.co.za](http://www.konteks.co.za) → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer  
vir volledige inligting en besprekingsvorm
- **Kom toer saam deur Israel: 23 November tot 1 Desember**  
Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)  
Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / [faniebeukes@yahoo.com](mailto:faniebeukes@yahoo.com)

## Sportbyeenkomste

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente Turffontein: Akkerboomfees**  
Drie in 'n span vir aflos boeresportkompetisie  
Op kerkerrein hv Biccard- en Presidentstraat  
Kontantprys van R500 vir die wenners, R300 vir die naaswenners  
en R200 vir die derde plek  
Ander pryse sal ook toegeken word  
*Dis boeresport met 'n kinkel!*  
Meer inligting en inskrywingsvorms by Lucas (082 552 9403 / [lukas@12n.co.za](mailto:lukas@12n.co.za))

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**  
18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate  
Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre  
Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017  
of Alida Reed by 082 228 3552  
of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30  
by 011 826-4625
- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**  
**Sluitingsdatum 31 Mei, trekking 1 Junie**  
Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf  
Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen 15-19 September 2014**  
Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders  
Slegs R50  
As jy kan doen met 'n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500



## Basaars en markte

- **Vrydag 30 Mei vanaf 12:00: Gemeente Delmas: Basaar**  
Tema: *Boererumoer*  
Kosstalletjies, vleis (bestellings by kantoor), koek en tee  
Speletjies en skattejag  
Sarel Celliersstraat (langs KFC)  
Navrae by 013 665 2679
- **Vrydag 30 en Saterdag 31 Mei: Gemeente Losberg op Fochville**  
Basaar met kosstalletjies, vleis, witolifanttafel en tierlantyntjies  
Vir die kinders 'n spookhuistent en speletjies  
Kontak dr Ernest Marran by 082 444 1089
- **Saterdag 31 Mei: Gemeente van der Hoff: 80-reënboë-basaar**  
Op nuwe kerkterrein in Springbokstraat Cul-de-Sac  
Kom kuier saam – hope vars groente en vleis te koop  
Navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993
- **Saterdag 31 Mei vanaf 08:30: Gemeente Lichtenburg: Oesfees**  
*Local is lekker met* gaskunstenaar Riana Nel  
Kindervermaak, veiling, plaasstalletjie en ander  
Kompetisies met groot pryse, kaartjies R20  
Kwaliteitvleis teen uiters billike pryse  
Meer as 200 groot koeke en meer as 800 pakkies klein koekies en beskuit  
Kontak Du Toit van der Westhuizen by 082 877 6749  
Willie Manders by 018 632 4830 / [williemanders@arestan.co.za](mailto:williemanders@arestan.co.za)  
Ds Gerrie Senekal by 082 576 1141 / 018 632 2658 / [gcsenekal@nhk.co.za](mailto:gcsenekal@nhk.co.za)
- **Saterdag 31 Mei: Gemeente Turffontein: Akkerboomfees**  
Kerkgronde, hv President- en Biccardstraat  
Boeresport, witolifanttafel, tuisnywerheidstalletjie  
Speelpark, heerlike kos  
Navrae aan Martin van Vuuren by 072 686 0470
- **Saterdag 7 Junie vanaf 08:00: Gemeente Lydenburg: Vleisfees**  
Vleis en biltong, verversings en gebak, vars plaasprodukte



Speletjies en ander vermaak  
 Viljoenstraat, Lydenburg  
 Navrae aan ds Willie Botha 082 786 3458 ([wbot@absamail.co.za](mailto:wbot@absamail.co.za))  
 of Liesie 013 235 3554 ([naglydenburg@xsinet.co.za](mailto:naglydenburg@xsinet.co.za))



## ANDER NUUS

- Vakature: Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**  
 Dame (35-50 jaar) om hoofsaaklik NHSV-boeke te hanteer  
*Vereistes:* Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans;  
 opstel van inkomste- en uitgawestate; rekenaarvaardig;  
 kennis van werksaamhede en boekhouding van NHSV 'n aanbeveling  
*Verdere vereistes:* Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;  
 goeie kommunikasievaardighede  
 Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes  
**Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014**  
 Aansoeke met CV aan mev AW Short by [annelie@nhk.co.za](mailto:annelie@nhk.co.za)  
 of per faks na 012 322 7909
- Vakature: Junior Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**  
*Vereistes:* Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans; rekenaarvaardig  
*Verdere vereistes:* Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;  
 goeie kommunikasievaardighede  
 Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes  
**Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014**  
 Aansoeke met CV aan mev AW Short by [annelie@nhk.co.za](mailto:annelie@nhk.co.za)  
 of per faks na 012 322 7909
- Ondersteun Tekkie Tax-dag op Vrydag 30 Mei**  
 Kontak Cornèl Theron by 012 663 8181 / [tekkietax@mweb.co.za](mailto:tekkietax@mweb.co.za)  
[www.tekkietax.co.za](http://www.tekkietax.co.za)  
 Tekkie Tax-plakker vir 'n R10-donasie  
 Oor diere / familie / kinders / gestremdes / onderwys  
 Tooi jou tekkies op met *Tekkie Tags*  
 vir 'n R30-donasie (en die plakker van jou keuse is ingesluit)
- Hardloop Comrades vir Bybels: Sondag 1 Junie**  
 90 km van Pietermaritzburg na Durban  
 Besoek van 29 tot 31 Mei die Bybelgenootskap se stalletjie  
 by die Bonitas Comrades Expo  
 Kontak jou naaste Bybelhuis vir meer besonderhede  
 of gaan na [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za)





- **Orrelis Martin Mans in konsert: Donderdag 12 Junie vanaf 19:00**  
NG Kerk Overkruin, Kameeldoringlaan 65, Wonderboom  
R100 per persoon, kaartjies by deure beskikbaar  
Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954

## Advertensies in die e-Hervormer

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word.** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## AGTERBLAD

### Gebed vir die week

Gee my, o Here, 'n onwankelbare hart,  
wat deur geen onwaardige geneentheid verlaag kan word nie.  
Gee my 'n onoorwinlike hart,  
wat deur geen teenspoed verswak kan word nie.  
Gee my 'n onkreukbare hart,  
wat deur geen onwaardige strewe verlei kan word nie.  
Skenk ook aan my, o Here my God,  
die begrip om U te ken,  
die volharding om U te soek,  
die wysheid om U te vind,  
en die toewyding om uiteindelik in U verenig te word.  
Amen.  
(Thomas Aquinas)



mmysays.wordpress.com